BEELD (Wes-Beeld)
13 Jun 2014, p.4



Die akteur Altus Theart (voor) saam met die drie vaderfigure in sy lewe. Pierre van Pletzen (links), sy skoonpa, Bertie Theart (middel), sy pa en Joseph Clark, sy vrou se stiefpa. Foto: AJ OPPERMAN

Groot bederf vir al drie sy 'pa's'

Die akteur Altus Theart het die drie vaderfigure in sy lewe die afgelope week bederf met 'n spa-behandeling by die Kloofzicht Lodge in Muldersdrift.

Elkeen speel 'n baie spesiale rol in sy lewe, sê hy.

Theart, bekend om rolle in flieks soos *Bakgat!* en *Verraaiers* en in reekse soos *Getroud met rugby* en *Kruispad*, is een van die ambassadeurs van die Guvon-hotelgroep, wat hom genader het vir die bederfdag.

Benewens sy pa, Bertie Theart, wou Altus ook die twee ander "pa's" in sy lewe bederf.

Die akteur Pierre van Pletzen is sy skoonpa. Theart is met die aktrise Zetske van Pletzen getroud.

Joseph Clark is sy vrou se stiefpa. Zetske se ma, die aktrise Elzette Maarschalk, is met Clark getroud.

Altus op sy motorfiets met die ander drie mans op sy spoor het die koue weer op die pad na Muldersdrift trotseer vir nie net masserings nie, maar ook 'n driegangmiddagete.

Die mans het die dag baie geniet. Clark het so baie van die japon gehou dat hy een wou koop.

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission.